

**LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR:**

1. Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.
2. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE AFDELINGS:


Afdeling A	Prosa (60 punte)
Afdeling B	Transaksionele Skryfwerk (40 punte)
3. Beantwoord AL die vrae in jou antwoordboek
4. Beplan jou antwoorde deeglik voordat jy dit neerskryf.
5. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.
6. Nommer jou antwoorde soos die vrae op die vraestel.
7. ALLE vrae moet in **Afrikaans** beantwoord word.
8. Geen woordeboeke/leesboeke mag gebruik word nie.
9. Sterkte! 😊

**AFDELING A: PROSA [60]**

**ROMAN: SUURLEMOEN – JACO JACOBS**

**VRAAG 1: Kontekstuele vrae**

**Bestudeer die volgende uittreksel uit *Suurlemoen* en beantwoord daarna die vrae wat volg:**



*'Ek het vir Zane gesê dis 'n simpel idee om vir Mozart lipstick aan te sit. Okei, dit sou seker actually snaaks gewees het, as ons nie uitgevang is nie. Die hele ding het begin met die lipstick wat hy vanoggend voor skool opgetel het.'*

- 1.1. Watter tipe verteller is in hierdie boek aan die woord? Gee 'n rede vir jou antwoord. (2)
  - 1.2. Hoe lank is Zane en Tiaan al vriende? (1)
  - 1.3. Watter tegniek gebruik die skrywer om die verteller aan die leser bekend te stel? (1)
  - 1.4. Gee die korrekte Afrikaanse woorde vir "lipstick" en "actually". (1)
  - 1.5. Die leser word in hierdie gedeelte van die boek aan 'n hele paar van die belangrike karakters bekendgestel. Gee 'n kort karakterbeskrywing (**nie 'n beskrywing van hul voorkoms nie**) van elk van die volgende karakters:
    - a) Meneer Marx (2)
    - b) Zane le Roux (2)
    - c) Frik van Tonder (2)
    - d) Liezl Kritzinger (2)
    - e) Tiaan Fourie (2)
- (15)**

## VRAAG 2: Kontekstuele vrae

Bestudeer die volgende uittreksel uit *Suurlemoen* en beantwoord daarna die vrae wat volg:



- 2.1 Watter geleentheid adverteer die bostaande plakkaat? (2)
- 2.2 Watter twee groeplede het die plakkaat gemaak? (2)
- 2.3 Om watter rede was die musiekgroep in die moeilikheid by meneer Marx as gevolg van die plakkaat? (1)
- 2.4 Verduidelik hoe die groep uiteindelik op hulle naam besluit het. (2)
- 2.5 Wie of wat is "Chrome Bunny"? (2)
- 2.6 Verduidelik wie Magdel Meyer is. (1)
- 2.7 Watter raad het meneer Marx aan die groep gegee? (1)
- 2.8 Noem die name van enige twee van die musiekgroep se liedjies. (2)
- 2.9 Watter musiekinstrument speel Tiaan in die musiekgroep? (1)
- 2.10 Wie is Psycho Bob en Willem? (1)

**(15)**

### VRAAG 3: Korter vrae

Bestudeer die volgende uittreksels uit *Suurlemoen* en beantwoord daarna die vrae wat volg:

*'Ek voel half simpel om op 'n Sondagmiddag by Liezl se huis aan te kom. Ek dink nie haar pa en ma weet ons is van plan om aan 'n song vir die band te werk nie – ek hoor hoe sy vir haar ma iets mompel van "huiswerk".*



*Om een of ander rede is dit nogal vreemd om te sien hoe sy vir haar ma-hulle jok. '*

- 3.1 Waarom het Tiaan daardie spesifieke middag na Liezl se huis toe gegaan? (1)
- 3.2 Verduidelik waarom Zane en Bongsi nie by hulle kon aansluit nie. (2)
- 3.3 Verduidelik kortliks hoe die tuin by Liezel se huis verskil van die tuin by Tiaan se huis. (2)
- 3.4 Wat is vreemd aan die tuin by Liezl se huis? (1)


*Nota aan self:  
Hoekom gaan fliet mense op 'n eerste date? Eerste dates is tog veronderstel om 'n manier te wees om mekaar beter te leer ken. Hoe kan jy mekaar beter leer ken as julle in die donker sit in 'n plek waar julle nie met mekaar mag praat nie?*

- 3.5 Wie het die bostaande nota geskryf? (1)
- 3.6 Watter emosie openbaar die bostaande nota? Verduidelik watter gebeure aanleiding gegee het daartoe dat die karakter hierdie nota geskryf het. (3)

**(10)**

#### VRAAG 4: Opstelvraag

Daar is verskeie situasies wat in *Suurlemoen* uitgebeeld word, waarin konflik voorkom. Skryf 'n **opstel** van 100-200 woorde oor die hoofstuk "Senuweebrakke" as situasie van eksterne konflik deur van die volgende diagram gebruik te maak:



Assessering sal soos volg plaasvind:

- Taal en styl: 4 punte
- Inhoud: 16 punte

(20)

**TOTAAL: AFDELING A [60]**

## AFDELING B: TRANSAKSIONELE SKRYFWERK

### INSTRUKSIES VIR AFDELING B

1. Beantwoord **ALBEI** vrae in hierdie afdeling.
2. Elke vraag moet op 'n nuwe bladsy gedoen word.
3. **Beplan** jou antwoorde eers deeglik voordat jy jou finale poging skryf en onthou om jou beplanning deeglik aan te dui.
4. Skryf die vraagnommer bo-aan jou finale antwoord, bv. VRAAG 5.
5. Onthou om jou aantal woorde by elke skryfstuk aan te dui.
6. Elke skryfstuk moet ongeveer **150 - 200 woorde** bevat.
7. Maak seker dat jy die gepaste register en taal, soos gevra, gebruik. Die formaat, teikenleser en toon moet by elke skryfstuk pas.
8. 'n Nasienrubriek sal vir die assessering van jou skryfwerk gebruik word.

### VRAAG 5: Tydskrifartikel

**Kies EEN van die volgende onderwerpe:**

Skryf 'n artikel vir 'n nuwe jeugtydskrif met die opskrif: ***“As tieners die wêreld kon regeer...”***

**OF**

Skryf 'n artikel vir jou skool se jaarblad met die opskrif: ***“As vriendskap skeefloop...”***

**(20)**

### **VRAAG 6: Resensie**

**Kies EEN van die volgende onderwerpe:**

Jy is gevra om 'n resensie te skryf vir die skoolkoerant oor enige film wat jy onlangs gesien het. Jy mag oor 'n Afrikaanse of Engelse film skryf, maar jou resensie moet in korrekte Afrikaans geskryf word. Onthou om jou resensie te voorsien van 'n opskrif.

**OF**

Skryf 'n resensie oor enige konsert/optrede wat jy onlangs bygewoon het. Onthou om jou resensie te voorsien van 'n opskrif.

**(20)**

**TOTAAL: AFDELING B [40]**

**GROOT TOTAAL: 100**